

STUDIETOER 12 NA DIE VSA
MISSIONALE GEMEENTEBOU EN JEUGBEDIENING
26 Oktober – 21 NOVEMBER 2018
Onder leiding van Malan Nel

Studietoer 12 gaan voort. Daar is nog ses plekke as jy wil oorweeg!

Kan ons iets by gemeentes in die VSA leer?

Ek antwoord hierdie vraag sedert 1986 toe die eerste studietoer met 49 predikante begin het. Na oorlegpleging met kollegas wat al saam met my op toer was, gaan ek probeer vir nommer 12. Dit is DV. beslis my laaste een wat ek self lei. Hierdie kennisgewing, is om jou genoeg tyd te gee om te spaar en jou studieverlof te beplan. Ek is oortuig dat dit een van die rykste ervarings van jou bediening kan wees - soos vir die ongeveer 200 (+) pastors wat al op so 'n studietoer was. Een van hulle skryf: *Ek beveel die studietoer na die VSA vir predikante en gemeente leiers sterk aan. Dit is 'n uiters leersame geleentheid waartydens deelnemers blootgestel word aan die insigte van leidende teoloë en gemeentes op die terrein van leierskap en missionale kerk wees. My ervaring is dat dit my gehelp het om 'n kosbare netwerk te vorm met skerp denkers oor een van die heel belangrikste uitdagings waarvoor die kerk staan. Dit het my siening van die aard van 'n gemeente in 'n vars, nuwe rigting gevorm en is een van die kosbare herinnerings in my bediening* (Prof Nelus Niemandt, Na 2004 toer en toe nog as predikant, NG Gemeente Weltevredenpark). En skryf Anton Fick (Constantia Kruin): *Ek het die voorreg gehad om twee toere saam met oom Malan te kon beleef. Die toere het my visie, kennis en energie vir die bediening drasties verhoog! Die saampraat, akademiese verryking en nuwe vriende wat gemaak word, is elke sent werd! Belê nou in jou bediening...jy sal nooit spyt wees nie!* Nati Stander van Witrivier skryf: *Dit is seker oorbodig om te sê, maar die studietoer het werklik my lewe so baie verryk. Ek het soveel kosbare herinneringe van daardie studietoer wat ek my lewe lank sal saamdra. Ek sien Oom adverteer weer een in 2018. Ek is baie bly daaroor. Oom impakteer soveel leraars se bedieninge deur daardie toer. Ek dink die Kerk baat regtig by dit.*

Besoeke aan:

- * 13 diverse missionale gemeentes (gevestig en 'emerging') met, in die meeste gevalle, 2-3 uur seminaar insette van hulle leiers;
- * 10 (+) teoloë van 5 van die bekendste teologiese inrigtings in die VSA en konsultante soos Ken Callahan. (In 2016 het meer as 100 persone insette aan die groep gelewer);
- * Van die VSA se bekendste besienswaardighede in 8 stede landwyd (hierdie keer ook hele oggend by die 'South Rim', Grand Canyon)

kan mos niemand onaangeraak laat nie.

Voeg hierby byna daaglikse evaluering en gesprekke as toergroep!

Ek is oortuig dat breë en gebalanseerde blootstelling van groot belang is wanneer iemand die VSA besoek. Eensydige en ongebalanseerde blootstelling in so 'n groot land is maklik.

Vir meer inligting oor hierdie toer kontak Malan Nel by malannelup@gmail.com